# HILLCREST HIGH SCHOOL

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1**

**JUNIE 2015**

**EKSAMEN**

**GRAAD 10**

**PUNTE : 80**

**TYD: 2 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit *12* bladsye.**

<u>INSTRUKSIES EN INLIGTING</u>

1. Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.

2. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings :

| | |
|---|---|
| AFDELING A: BEGRIPSTOETSE | (30) |
| AFDELING B: OPSOMMING | (10) |
| AFDELING C: TAALWERK | (40) |

3. Jy moet AL die vrae beantwoord.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Nommer jou antwoorde soos dit op die vraestel genommer is.

6. Skryf netjies en leesbaar.

7. Let op hoeveel punte elke vraag tel en beantwoord dan jou vrae daarvolgens.

***STERKTE!!!***

**AFDELING A : BEGRIPSTOETSE**

**Lees deur die begripstoets en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.**

**VRAAG 1**

**TEKS A: ‘n Spookstorie**

Hoofstuk vier

1 Ek is nou ‘n wêreldberoemde professor, maar ek onthou nog goed iets wat lank gelede gebeur het toe ek ‘n student op universiteit was.

2 Omdat ek arm was, kon ek net ‘n vervalle ou woonstelletjie bekostig om in te woon. Dit was eksamentyd – die eindeksamen. As ek nog verder wou studeer, móés ek ‘n studiebeurs kry, want al my geld was op.

3 Laat een aand was ek in my studeerkamer, besig om te leer. Miskien het ek aan die slaap geraak – ek weet nie. Skielik het ek iemand in die gang hoor stap. Ek het geskrik en opgekyk om te sien wie my besoeker was. Daar was niemand daar nie. Niemand. Het ek dit maar gedroom?

4 Die volgende aand was ek weer besig by my lessenaar, met ‘n yslike groot beker koffie om my wakker te hou. Meteens het ek die voetstappe weer gehoor. Ek het deur toe gehardloop en was net betyds om ‘n beweging in die gang te sien. “Wie’s daar?” het ek uitgeroep. Stilte. Ek het oral gesoek – in die badkamer, die sitkamer, die kombuis en in my slaapkamer. Niemand. Niks.

5 Uiteindelik het ek terug na my studeerkamer gestap. Daar, in my stoel, was ‘n ou man. Sy gesig was so vriendelik dat ek nie eens geskrik het nie. Hy het ‘n ronde brilletjie gedra en sy baard was spierwit. Sy lang krulhare was lanklaas gekam en het oor sy voorkop gehang. Een van my boeke was in sy linkerhand. Hy het saggies begin praat. “Konsentreer op hoofstuk vier,” het hy gesê. Die volgende oomblik was die stoel leeg. Die ou man was skoonveld en my boek het weereens op die lessenaar gelê, maar nie op dieselfde plek nie. Na ‘n glasie wyn het ek weer begin werk – aan hoofstuk vier.



6 ‘n Week later het ek in die eksamenlokaal gesit. Voor my was my vraestel. “Tien minute leestyd!” het die toesighouer uitgeroep. Stadig het ek my vraestel oopgemaak en begin lees. Ek het gewip soos ek skrik. Daar was nie net een nie, maar DRIE vrae uit hoofstuk vier!

7 Ja, jy het reggeraai. Ek was daardie jaar die student van die jaar en het ‘n baie goeie studiebeurs gekry.

8 Was dit alles net ‘n droom? Jare later het ek uitgevind dat ‘n ou professor vroeër in my woonstel gewoon het. Hy het een nag ‘n hartaanval gehad. Sy

vrou het hom gevind – morsdood – in dieselfde stoel waar ek hom daardie aand gesien het! (Effens verwerk – Uit: Springmielie stories, geskryf deur Alison Bastable)



Vrae:

1.1 Haal twee opeenvolgende woorde aan wat vir ons sê dat die spreker in die storie later in sy lewe baie suksesvol was. 1

1.2 Haal vier opeenvolgende woorde aan om te verduidelik waarom die spreker net in 'n ou klein vervalle woonstelletjie kon woon. 1

1.3 Wat was die "yslike beker koffie" veronderstel om vir die student te doen? 1

1.4 Gee 'n beskrywing van die ou man deur twee feite te noem. 2

1.5 Noem twee van die vertrekke waar die student die "indringer" gesoek het. 2

1.6 **"Konsentreer op hoofstuk vier"** (paragraaf 5)

1.6.1 Het die spreker na hierdie raad geluister? Sê JA/NEE. 1

1.6.2 Haal 'n sin aan om jou antwoord te bewys. 1

1.7 Hoekom dink jy het die spreker eers 'n glasie wyn gedrink voordat hy verder studeer het? 1

1.8 Kies die antwoord wat die sin KORREK sal voltooi.

**Die ou man was 'n ___.**

A hallusinasie
B dosent by die universiteit.
C spook
D ontsnapte uit 'n gestig 1

1.9 **"Tien minute leestyd!"** (paragraaf 6)

1.9.1 Wat moet jy doen wanneer bogenoemde instruksie gegee word? 1

1.9.2 Wat mag jy glad nie doen wanneer hierdie instruksie gegee word nie? 1

1.10 Verduidelik wat die werk van 'n "toesighouer" is. 1

1.11 **"Ek het gewip soos ek skrik."**

1.11.1 Word hierdie uitdrukking letterlik of figuurlik bedoel? 1

1.11.2 Verduidelik in jou eie woorde waarom die spreker gewip het soos hy skrik. 2

1.12 Noem die twee goeie dinge wat met die spreker gebeur het na hierdie eksamen. 2

1.13 Haal twee opeenvolgende woorde aan wat vir ons sê dat die spreker die ou woonstel net so met sy ou meubels in gekry het. 1


1.14 Watter titel het die ou man eintlik gehad? 1

1.15 Hoe is die ou man dood? 1

**TEKS B: WAAR WERKSOEKERS SAL GAAN WERK SOEK**

Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

## Waar werksoekers sal gaan werk soek




**Wie wil in SA kom werk**

| RANG | LAND | PERSENTASIE |
|---|---|---|
| 1 | Ivoorkus | 52 |
| 2 | Kameroen | 52 |
| 3 | Ghana | 49 |
| 4 | Nigerië | 37 |
| 5 | Angola | 33 |

**Waar wil SA werksoekers gaan werk**

| RANG | LAND | PERSENTASIE |
|---|---|---|
| 1 | VSA | 50 |
| 2 | Brittanje | 47 |
| 3 | Australië | 37 |
| 4 | Nieu-Seeland | 34 |
| 5 | Kanada | 32 |

Bron: Boston Consulting Group

Grafika24

1.14 Waar wil die meeste Suid-Afrikaanse werkers graag gaan werk? 1

1.15 Op hoeveel mense is hierdie studie gedoen? 1

1.16 **Hierdie studie is net op Suid-Afrikaners gedoen.**

1.16.1 Is bogenoemde stelling WAAR/ONWAAR? 1
1.16.2 Haal EEN woord aan om jou antwoord te bewys. 1

1.17 Watter twee lande se mense wil die graagste in Suid-Afrika kom werk? 2

1.18 Watter persentasie mense wil graag in Australië gaan werk? 1

1.19 Wie het hierdie inligting aan ons bekend gemaak? 1

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2**

- **Lees die onderstaande artikel noukeurig deur.**
- **Som die wenke om jou geluk te verseker in *SEWE* sinne op.**
- **Skryf elke wenk in 'n volsin oor.**
- **Laat 'n reël tussen die sinne oop.**
- **Skryf die sinne puntsgewys van 1-7 onder mekaar neer.**
- **Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.**
- **Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.**

**TEKS C: WENKE OM JOU GELUK TE VERSEKER**

Moet jy 'n lang lys goed voor 'n groot toets leer? Soms keer stres dat jy dinge gedoen kry; daarom is dit belangrik om te ontspan. Soek 'n stil plekkie waar jy gemaklik kan sit en konsentreer op jou asemhaling.

Het jy stry gekry met jou beste maat? Dink 'n bietjie na oor jou reaksie op die situasie. Hoekom is jy kwaad? Gaan sit dan saam met iemand met wie jy openhartig kan gesels en praat oor die saak en hoe jy daaroor voel. Soms moet jy net jou hart uitpraat as jy van negatiewe emosies ontslae wil raak.

Afleiding help altyd wanneer jy jou stresvlakke wil laat daal. Kry iets om jou aandag van jou probleme af te lei. Doen iets produktiefs wat jou die bevrediging sal laat smaak dat jy iets bereik het of laat 'n snaakse fliek of goeie boek jou meevoer.

Voel jy effens paniekerig oor jou groot afspraak vanaand? Oefening is 'n wonderlike manier om senuagtigheid te laat verdwyn en die endorfiene wat dit jou liggaam laat afskei, sal jou laat goed voel.

Jy het hartseer wakker geword en jy is allesbehalwe lus om te glimlag, maar dwing jouself om breed te glimlag wanneer jy by mense verbystap – jy sal verbaas wees oor hoe vinnig daardie glimlag in 'n spontane een verander, veral as iemand terugglimlag.

Dink aan 'n paar goeie dinge wat vandag gebeur het. Selfs iets doodgewoons kan jou help opbeur, soos jou gunsteling-gereg of 'n maat wat jou vrolik groet. As jy op iets positiefs fokus, sal die swartgalligheid vinnig verdwyn.

Beur jouself op deur iemand anders te help. Goeie dade laat die gewer én die ontvanger beter voel. Help jou ma met die skottelgoed of doen welsynwerk vir 'n liefdadigheidsorganisasie – dit kan iets kleins of groot wees.

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAAL**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

**TEKS D**

- Die taalvrae wat volg, is op die onderstaande advertensie gebaseer.
- Die nommering in die advertensie verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.
- Opsetlike taalfoute kom voor.

3.1 Gee twee redes waarom ons kan sê dat die meisie ongelukkig is. 2

3.2 "Is jy moeg ...?"

Waarom is dit effektief dat die adverteerder die woord "jy" gebruik? 1

3.3 Vul die ontbrekende **INFINITIEF** in die oop spasie in.

"Is jy moeg om ___ sukkel met gewigsverlies?" 1

3.4 Gee die **INTENSIEWE VORM** van die onderstreepte woord.

"Ek is <u>bang</u> vir die skaal." 1

3.5 Voltooi die **ONTKENNENDE VORM** in die sin.

"Hoekom kan ek nie stop ___?" 1

3.6 Vul die ontbrekende **VOORSETSEL** in die oop spasie in.

"Maak vrede ___ kos, jou liggaam en gewig." 1

3.7 Vir wie moet jy kontak as jy meer wil uitvind oor hierdie advertensie? 1

3.8 Wat is "Life Coaching" se slagspreuk? 1

3.9 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die nommer en letter neer.

"VSA" is die afkorting vir

A Verenigde State van Afrika
B Verenigde State van Amerika
C Verenigde Studies van Afrika
D Verenigde Studies van Amerika 1

[10]

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprente hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS E**

4.1 **SINSTRUKTURE**

Skryf die volgende sinne oor en begin soos aangedui:

4.1.1 Skryf die volgende sin oor in die korrekte **WOORDORDE**.

Hector (die klere, het, in die openbaar, gedra, gister) 1

4.1.2 Skryf die volgende sinne oor in die **VERLEDE TYD.**

a. Hector het net T-hemde in sy kas. 1

b. Hector sal nuwe klere kry. 1

c. Hector loop en gesels met sy pa. 2

4.1.3 Skryf die volgende sinne oor in die **TOEKOMENDE TYD.**

a. Daar is baie T-hemde en kortbroeke by sy huis. 2

b. Die vrou moet al Hector se klere was. 2

4.1.4 Verbind die volgende sinne met die **VOEGWOORD** in hakies.

a. Hector se klere is oud. Hy en sy pa gaan nuwe klere koop. (dus) 1

b. Hector se ma is baie verbaas. Hy wil net T-hemde en kortbroeke dra. (omdat) 1

**TEKS F**

4.1.5 Skryf die volgende sinne in die **ONTKENNENDE VORM.**

a. Robert Mugabe was al groen geverf. 2

b. Maak asseblief die standbeeld skoon! 2

4.1.6 Skryf die volgende sinne oor in die **LYDENDE VORM.**

a. Die man het die standbeeld geverf. 2

b. Die polisieman sal die vandaal in die tronk gooi. 2

4.1.7 Vul die korrekte **LEES-EN SKRYFTEKENS** in die volgende sinne in.

a. robert mugabe skree ek is nie ‘n standbeeld nie 1

b. die vandaal gebruik rooi geel groen en blou verf 1

4.1.8 Skryf die volgende sinne oor in die **INDIREKTE REDE.**

a. Die polisieman sê: "Ek sal jou in die tronk gooi." 2

b. Die vandaal vra: "Is dit werklik 'n man?" 2

[25]

## 4.2 WOORDSTRUKTURE

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprente hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS G**

4.2.1 Vul **PERSOONLIKE VOORNAAMWOORDE** in die oop spasies in.

a. Die seun sê vir ___ pa dat meisies onverstaanbaar is. 1

b. Die pa sê: "___ verstaan meisies ook nie!" 1

4.2.2 Vul die **BETREKLIKE VOORNAAMWOORDE** in die oop spasies in.

a. Die meisie van ___ hy praat, terg hom altyd. 1

b. Die man ___ hom raad gee, is sy pa. 1

4.2.3 Vul die korrekte **VOORSETSELS** in die oop spasies in.

a. Die ma kyk by die venster ___ na hulle. 1

b. Die seuntjie ry ___ fiets skool toe. 1

4.2.4 Gee die korrekte **TRAPPE VAN VERGELYKING** van die woorde in hakies.

a. Hy voel nou (goed) as tevore noudat sy pa dit verduidelik het. 1

b. Hy was die (tevrede) met sy ma se verduideliking. 1

4.2.5 Gee die **INTENSIEWE VORM** van die woorde in hakies.

a. Hy wou (baie graag) meer van meisies weet. 1

b. Ma se kombuis was (baie skoon) toe sy daar klaar was. 1

4.2.6 Voltooi die **VERGELYKINGS.**

a. Sy ma is so geduldig soos ___. 1

b. Sy pa is so seker soos ___ oor sy antwoord. 1

4.2.7.1 Gee die **AFKORTINGS** vir die onderstreepte woorde.

a. <u>Na aanleiding van</u> sy vraag, kom ons agter hy hou van 'n meisie. 1

b. Hy ry sy fiets in die <u>straat.</u> 1

4.2.7.2 Skryf die volgende **AFKORTINGS** voluit neer.

a. Hy het sy pa <u>i.v.m.</u> meisies uitgevra. 1

b. Sy ma het nie van sy pa se <u>antw.</u> gehou nie. 1

4.2.8 Gee die **MEERVOUDE** van die woorde in hakies.

a. Ek wonder hoe sy (ouma) oor die saak sal voel. 1

b. Hy ry op al die (pad) met sy fiets. 1

4.2.9 Gee die **VERKLEINWOORDE** van die woorde in hakies.

a. Hy hou 'n klein (foto) van sy vrou in sy sak. 1

b. Hy het 'n klein (doring) uit sy fiets se wiel gehaal. 1

[20]

**TOTAAL AFDELING C: 55 VERWERK NA : 40**

**GROOTTOTAAL: 80**